**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2022: VOORTGESETTE POSITIEWE VENNOOTSKAPPE VIR 'N MENSWAARDIGE TOEKOMS

## NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 13 DESEMBER 2022 OM 14:00 VANAF PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdh. A de Vries | [DA] | | |
| Rdl. A du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me.) | [DA] | | |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | | |
| Rdl. BU Maarman (Me.) | [ANC] | | |
| Rdh. EB Manuel | [GOOD] | | |
| Rdl. R Laubscher | [PA] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. D Louw | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JJ Breunissen | : | Direkteur Tegniese Dienste *(waarnemend)* |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Me. C Ranna | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. R Stander | : | Bestuurder: Projekbestuur en Boubeheer |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**RVN001/12/2022**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Speaker verwelkom almal by die vergadering, waarna Raadslid Du Plooy open met gebed.

‘n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die lede van die publiek wat op die “YouTube” platform ingeskakel is by die laaste Raadsvergadering vir 2022.

***

**RVN002/12/2022**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadslid Adams - afwesig met verskoning
Raadslid Lesch - afwesig met verskoning
Hoof: Kommunikasie - afwesig met verskoning

Die Munisipale Bestuurder word verskoon om vir Raadslid Lesch te kontak aangesien daar geen verskoning ontvang is van haar nie.

***

**RVN003/12/2022**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Die Raadslede verklaar hul kollektiewe belang by **RVN011.**

Die Munisipale Bestuurder versoek die Direkteur Gemeenskapsdienste om sy persoonlike belang by item **RVN035** te verklaar**.**

***

**RVN004/12/2022**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 29 NOVEMBER 2022**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die notule van die vergadering, soos gehou op Dinsdag 29 November 2022, bekragtig word.

***(VK WILLEMS)***
***KLERK: KOMITEES***

***

**RVN005/12/2022**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 29 NOVEMBER 2022**
**3/3/2/2**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

1. Dat kennis geneem word dat tegniese probleme ondervind word met die IMIS-6 stelsel en dat die Implementeringsverslag van die Raadsvergadering, soos gehou op Dinsdag 29 November 2022, nie versprei kon word nie, maar dat die Klerk: Komitees dit sal versprei na afloop van die vergadering; en

***(VK WILLEMS)***
***KLERK: KOMITEES***

2. Dat enige navrae vanaf die Raad insake die Implementeringsverslag aan Direksie gerig word vir terugvoering.

***

**RVN006/12/2022**
**<u>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</u>**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN007/12/2022**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

<u>Die Speaker doen die volgende mededelings:</u>

- Dat Raadslid Moolman op Vrydag 02 Desember 2022 verjaar het;
- Dat mnr. C Davids tans aansterk na sy operasie en wens hy hom sterkte toe;
- Dat mnr. I Saunders steeds gehospitaliseer is en aansterk na sy operasie en en wens hom sterkte toe;
- Dat onderskeie gemeenskapslede aan die dood afgestaan is in die Bergrivier Munisipale area en wil hy die Raad se meegevoel betuig met die sterftes;
- Dat die Prysuitdelingsfunksie goed afgeloop het, waarna hy die organiseerders bedank vir die reëlings asook alle amptenare wat teenwoordig was en spreek hy sy teleurstelling uit rakende Raadslede wat nie die funksie bygewoon het nie; en
- Hy bedank die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder dat hul terugvoer gee rakende die voorval van die Deernisbeampte.

<u>Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:</u>

- Hy bedank alle Raadslede vir hul leiding en bystand gelewer deur die jaar en meld dat almal aandag en tyd moet spandeer met hul familielede gedurende die feesseisoen;
- Die Uitvoerende Burgemeester gee kortliks terugvoer rakende die voorval gedurende die werwing- en keuringsproses van die Deernisbeampte: Porterville en meld dat die interne ondersoek deur die Munisipale Bestuurder hanteer word. Verder meld hy dat die Administrasie toekomstige werwing- en keuringsproses moet verbeter om te verhoed dat iets soortgelyk gebeur; en
- Die Uitvoerende Burgemeester bedank die Speaker vir die leierskap gedurende die jaar.

<u>Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:</u>

- Dat Raadsheer Swarts, die Speaker, op Vrydag 30 Desember 2022 verjaar en wens sy vir hom en Raadslid Moolman geluk en voorspoed toe met die viering van hul verjaarsdae;
- Dat ‘n volledige dissiplinêre ondersoek gedoen gaan word deur die Direkteur Finansiële Dienste en dat sy die uitkoms van die ondersoek aan die Raad sal deurgee. Sy hou aan die vergadering die verklaring voor wat deur

Bergrivier Munisipaliteit uitgereik is waarna sy meld dat die voorval by die Taalraad en Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie aangemeld is en sy met hulle sal kommunikeer.

- Sy bedank ook alle Raadslede vir die harde werk en bydrae gedurende die jaar waarna sy almal 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toewens.

Die Uitvoerende Onderburgemeester doen die volgende mededeling:

- Dat die Uitvoerende Burgemeester sy huweliksherdenking op Sondag 04 Desember 2022 gevier het.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN008/12/2022**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN009/12/2022**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Raadsheer Manuel bedank die Speaker, Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder vir terugvoering rakende die voorval en spreek sy misnoeë uit rakende die voorval en meld dat toekomstige werwing- en keuringsprosesse met die nodige sensitiwiteit en konsekwentheid hanteer word om soortgelyke voorvalle te verhoed.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN010/12/2022**
**DRINGENDE SAKE VANAF DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

**RVN011/12/2022**
**AMENDMENT OF DETERMINATION OF UPPER LIMITS OF SALARIES, ALLOWANCES AND BENEFITS OF DIFFERENT MEMBERS OF MUNICIPAL COUNCILS, 2022**
**5/11/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy, lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Korporatiewe Dienste.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That the Amendment of Determination of Upper Limits of Salaries, Allowances and Benefits of Different Members of Municipal Councils, 2022 Government Gazette, Notice, 2698, Gazette Nr 47347, dated 02 November 2022 be noted;
2. That the following allowances may be paid to councillors with effect 01 July

***DIRECTOR CORPORATE SERVICES***

2021:

a. Cellular phone R 3 400 per month
b. Data bundle R300 per month; and

3. That the Member of the Executive Council for Local Government in the Province be notified of the council resolution and concurrence be obtained.

***

**RVN012/12/2022**
**<u>ADJUSTMENT BUDGET</u>**
**5/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Speaker gaan oor tot stemming by wyse van hande met die volgende uitslae:

Ten gunste van: 11
Nie ten gunste van: 0
Raadslede afwesig met verlof: 2

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

1. That the second annual adjustments budget of Bergrivier Municipality for the financial year 2022/2023, be approved:
   i. Table B2: Adjustments Budget Financial Performance (expenditure by standard classification);
   ii. Table B3: Adjustments Budget Financial Performance (expenditure by municipal vote)
   iii. Table B4: Adjustments Budget Financial Performance (revenue by source)
   iv. Table B5: Adjustments Budget Capital Expenditure for both multi-year and single year by vote, standard classification and funding
   v. Table B6: Budgeted Financial Position
   vi. Table B7: Budgeted Cash Flow
   vii. Table B8: Cash backed reserves/Accumulated surplus reconciliation
   viii. Table B9: Asset Management
   ix. Table B10: Basic service delivery measurement
   x. Supporting Tables SB1 – SB 20
2. That the adjustments budget be submitted to the authorities and in the format as required by law.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN013/12/2022**
**DRAFT PREFERENTIAL PROCUREMENT POLICY AND LED TARGETS**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat 'n gesprek gefasiliteer moet word rakende die teikens vir Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling en die kategorisering daarvan.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That Council take note of this proposed amendment of the Draft Preferential Procurement Policy and Led Targets of Bergrivier Municipality; and
2. That Council approves the amendments of the Draft Preferential Procurement Policy and Led Targets of Bergrivier Municipality to be implemented after approval.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN014/12/2022**
**CONSIDERATION OF IRREGULAR EXPENDITURE: GRAVE INCIDENT: MR KLAASE**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That the contents of the report be noted;
2. That Council certifies the fruitless and wasteful expenditure in the amount of R8 222.50 be disclosed as fruitless and wasteful expenditure due to the fact that there was no policy in place and to be written off, and nobody will be held responsible due to a lack of procedures; and
3. That the corrective measure be put in place: The Community Services Department to update the cemetery by-law and develop a policy with procedures.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN015/12/2022**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: OCTOBER 2022**
**5/1/B, 5/1/1**

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

That Council note the monthly budget statement and supporting documentation for October 2022.

***

**RVN016/12/2022**
**MAANDVERSLAG: UITGAWES EN VOORSIENINGSKANAALBESTUUR: OCTOBER 2022**
**5/1/B, 5/1/1**

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

That Council take note of the October 2022 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section

21A of the Municipal Systems Act.

***

**RVN017/12/2022**
**INFORMATION STATEMENT: RAISING OF NEW LONG TERM DEBT 2022 – 2023**
**5/1/1**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

That Council approves the information statement submitted herewith in terms of Section 46(3)(b) of the MFMA.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN018/12/2022**
**TABLING OF LIST OF EXEMPTIONS, REDUCTIONS AND REBATES 2021/2022**
**5/4/1/1**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in en meld dat die korrekte aanbeveling van die item op bladsy p156 in die agenda is.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

That Council note the list of exemptions, reductions and rebates as per table above, in the amount of R 3,092,148.76 as revenue foregone during the 2021/2022 financial year, as per section 15(1)(a)(b) of Municipal Property Rates Act, Act 6 of 2004.

***

**RVN019/12/2022**
**TERUGVOER VANAF DIE SENTRUM VIR PUBLIEKE GETUIENIS RAKENDE KOM RED ONS DORP, VELDDRIF**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die hele taakspan wat die dag georganiseer het, van harte bedank word vir 'n puik stukkie werk;
2. Dat die Speaker kennis neem van opvolgstrategie 2 en ‘n geleentheid reël waar die wyksraadslede van wyk 6 en 7 die tafelleiers ontmoet in die eerste kwartaal van 2023;
3. Dat die Munisipale Bestuurder in samewerking met die Speaker ook die senior bestuur reël om teenwoordig te wees in dieselfde gesprek om uitvoering te gee aan opvolgstrategie 3; en
4. Dat die datum van Donderdag 16 Februarie 2023 oorweeg word as geskikte middag vir so 'n ontmoeting vanaf 14:00.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN020/12/2022**
**NOTULE VAN DIE RISIKOBESTUURSKOMITEE VIR KENNISNAME: RISIKOBESTUURSKOMITEE VIR KENNISNAME: DINSDAG 20 SEPTEMBER 2022**
**8/1/1**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die Prestasie- en Ouditkomitee se notule soos gehou op Dinsdag 20 September 2022.

***

**RVN021/12/2022**
**NOTULE VAN DIE PRESTASIE, RISIKO EN OUDITKOMITEE VIR KENNISNAME: VRYDAG 26 AUGUSTUS 2022**
**9/1/2**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die Prestasie- en Ouditkomitee se notule soos gehou op Vrydag 26 Augustus 2022.

***

**RVN022/12/2022**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN023/12/2022**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN024/12/2022**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***Ten slotte bedank die Speaker die Raadslede en Administrasie vir hul volgehoue ondersteuning, leiding en bystand gelewer deur die jaar en meld dat almal aandag en tyd moet spandeer met hul familielede gedurende die feesseisoen.***

***Die amptenare verlaat die vergadering om 15:00, waarna die volle Raad, Munisipale Bestuurder, Interne Ouditeur en die Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste die vergadering In-Komitee voortsit.***

**RVN025/12/2022**
**<u>IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD: REQUEST FOR APPROVAL OF APPOINTMENT OF INDEPENDENT INVESTIGATOR TO EXECUTE FULL INVESTIGATION ON BEHALF OF DISCIPLINARY BOARD</u>**
**3/2/1/3**

Die Interne Ouditeur lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

1. That due to a lack of capacity and appropriate forensic investigation expertise by the DB members, that a full investigation be executed by an independent investigator with a proper Terms of Reference;
2. That the Municipal Manager be mandated to appoint an independent investigator, to conduct a full investigation on the financial and administrative misconduct for factual evidence for the process of consequence management and or disciplinary measures be instated; and
3. That the specifications for the appointment of the investigator be consulted with the Speaker by the Internal Auditor before appointment.

***MUNICIPAL MANAGER***

***INTERNAL AUDITOR***

***

***(Die Interne Ouditeur en die Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste verlaat die vergadering na afloop van bogenoemde item)***

**RVN026/12/2022**
**<u>IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD: OFFICIAL COMPLAINT RECEIVED FROM A MEMBER OF THE PUBLIC AGAINST DIRECTOR COMMUNITY SERVICES</u>**
**3/2/1/3**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in.

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

1. That Council regards this as a matter that falls under item 7 of the Disciplinary Regulations for Senior Managers in terms of the Systems Act;
2. That the matter be referred to the Municipal Manager to deal with in terms of Item 7; and
3. That the Municipal Manager acknowledge receipt to the member of the public.

***MUNICIPAL MANAGER***

***

**RVN027/12/2022**
**<u>IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING AAN DIE RAAD</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:55***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

____________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***